**Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.**

**Maandag 26 September 2022**

**<u>Bronne:</u>** Du Plessis, A. 1986. Oor die dood uit die Woord. 55v
Hendrisen, W. 1986. Meer as oorwinnaars. 162v
Koen, G. 1996. Brood op die Water.
Hoeksema, H. 1969. Behold he Cometh! 612-623

**<u>Lees</u>: <u>Open 19:9</u>** "Toe sê die engel vir my: "Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is." Verder sê hy vir my: "Dit is die woorde van God, en hulle is waar."."

**<u>Daar is sewe seënspreke net in die boek Openbaring alleen.</u>**

| | |
|---|---|
| 1:3 | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees. |
| 14:13 | Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe |
| 16:15 | Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou |
| **19:9** | **Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.** |
| 20:6 | Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het |
| 22:7 | Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. |
| 22:14 | Geseënd is die wat hulle klere was |

Ons verbly ons in die Here! Want by 'n huwelik is ons bly en juig ons. Ons eet en drink en is vrolik. Want ons is saam met die bruidegom en bruid bly vir die dag.

So het God aan Johannes die laaste visioen gewys:

- **Die Bruilof van die Lam.**

## <u>1 Wie is die Bruidegom en wie is die Bruid?</u>

Die Skrif vergelyk die verhouding tussen …

- die Verbondsgod en die gelowiges, of soos ons dit beter verstaan tussen
- Christus en sy kerk …..**met 'n bruilof**.

- Die Bruidegom is Jesus Christus.
- Die Bruid is die kerk. Dit is ons.
- Die Bruilof is die ewige saamwees tussen God en ons. God ons Vader.
- Dit sal finaal gebeur na die wederkoms.
- Dit is dan wanneer daar 'n ewige feesvreugde sal wees.

## <u>2 Die verlowing gaan die bruilofsfees vooraf</u>

Kom ons verduidelik net eers hoe was 'n verlowing in die tyd van die Bybel.

"In daardie tyd was 'n verlowing meer bindend as nou. Die twee partye het bymekaar gekom, die voorwaardes vir die huwelik bespreek in die teenwoordigheid van getuies aanvaar. Die getuies het dan God se seën oor die verbintenis uitgespreek en van daardie dag af was die bruidegom en bruid wettiglik man en vrou.

Van die verlowingstyd af tot met die huweliksfees moes die bruidegom 'n bruidskat aan die vader van die bruid betaal het, soms deur middel van dienswerk soos by Jakob.

"'n Bruilofsfees het sewe dae geduur en soms twee weke waarin fees gevier is en die vastye verval het." (Du Plessis. 1986:55)

Hierdie tyd waarin hulle nou verloof is tot met die bruilof het hulle ook nie bymekaar gebly nie, maar nog in hulle onderskeie ouerhuise. Hulle het kuis gelewe. So wou Josef in die geheim van Maria skei, omdat sy swanger geword het.

Christus het ons kom koop met sy bloed. Daardeur het Hy die bruidskat aan God die Vader betaal. Die kerk, d.i. ons is dus nou simbolies, aan Christus verloof. En ons moet ons gereed maak vir die bruilof. Die gereed maak is deur regverdig te lewe, Jesus Christus lief te hê en vir Hom te lewe.

"Die tussentydperk van skeiding het nou gekom. Dit is hierdie hele bedeling tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms. Gedurende hierdie tyd moet die bruid haarself gereed maak. Sy klee haarself in fyn linne, glinsterend en rein. Die fyn linne simboliseer haar regverdige dade; dus haar geheiligde karakter, (7:13). Haar dade is gewas in die bloed van Christus. Onthou egter dat hierdie geregtigheid aan haar gegee is uit God se soewereine genade. Aan die einde van hierdie bedeling kom die bruidegom, vergesel van die engele van heerlikheid, Matt 25:31, om sy bruid, die kerk te ontvang. Nou begin die bruilofsfees." (Hendriksen. 1986:162)

## 3 Die bruilofsfees

"Met die wederkoms, as die Bruidegom in al sy heerliheid kom, sal die bruilofsfees van die Lam 'n aanvang neem. Dan sal die fees nie net sewe dae duur nie, maar tot in ewigheid. Daarom vergelyk Johannes die ewige geluksaligheid op die nuwe aarde met 'n bruilofsfees, met 'n huwelik wat voltrek is, 'n heilige en volkome vereniging tussen bruid en Bruidegom. So verkry die bruid dan die erenaam van die vrou van die Lam. Kom het Hy gesê, ek sal jou die bruid wys die vrou van die Lam. Op 21:9" (Du Plessis. 1986:56)

## 4 Ons is nou reeds geseënd/salig

"Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is."
"Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam."

So word ons kragdadig GEROEP na die bruilofsmaal.
Ons word nie ontbied nie maar geroep.
So word ons wat geroep is reeds geseënd genoem nog voordat die bruilof aangebreek het.
Ons is deur God geseënd deur Jesus Christus nog voordat die Finale Bruilof aangebreek het.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***